

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-09-18

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 152

(Bladsye 7 541 - 7 586)

COURT RESUMES ON 18 SEPTEMBER 1986.

COURT : Before we start, I would like to make an announcement pertaining to the remarks made by Mr Bizos after I gave my judgment on the tapes. I did have a further look at the record. What I said in court was the following. My sentence was in fact accused no. 19 and no. 20 who attended and spoke at some of the meetings do not dispute that the tapes correctly record what they said. For clarity sake I have amended this to read as follows: In fact on behalf of accused no. 19 and no. 20 who attended and spoke at some of the (10) meetings, it was not disputed in cross-examination that the tapes correctly record what they said. This amendment will be reflected in the judgment which will appear in the record and this aspect does not either alter the result or the reasoning of that judgment.

MNR. FICK : U Edele, die Staat sal in sy argument verwys na die bladsye soos My Geleerde Vriend dit hier in die hof aangehaal het en waaroor die spesifieke bladsye handel. Die eerste aspek wat gemeld was, is bladsy 773, 775 en 1 001 van die Baleka saak en dit moes vergelyk geword het met (20) bladsy 541 en 664 van die Mashela saak. Dit sou handel, volgens My Geleerde Vriend oor wat sou gebeur het by die aankoms van hierdie getuie by die vergadering van 3 September in die Rooms-Katolieke Kerk.

HOF : Mag ek eers verneem of u die aansoek teenstaan?

MNR. FICK : Die Staat staan die aansoek teen.

HOF : Want anders luister ek 'n hele dag na u en vind dat u dit toestaan.

MNR. FICK : Nee, die Staat sal dit teenstaan. Eerstens bladsy 773 van die Baleka saak het My Geleerde Vriend (30)

verkeerd/...

verkeerd aangehaal. Hy verwys nie na die vergadering van 3 September nie, maar wel na die vergadering van 2 September. Bladsy 775 van die Baleka saak, al wat op hom voorkom, is in ooreenstemming met wat op bladsy 664 van die Mashela saak gesê word. Daar is niks teenstrydigs nie. Bladsy 541 van die Mashela saak waarna My Geleerde Vriend verwys handel glad nie met die vergadering van 3 September nie en bladsy 1 001 handel slegs met die woorde wat Esau sou geuiter het. Ek wil aan die hand doen dat hierdie geen teenstrydigheid is nie. (10)

Dan die tweede bewering handel oor die vraag of die getuie forseer sou gewees het om na hierdie vergadering te gaan en of daar enige teenstrydigheid in sy getuienis is met betrekking tot hierdie aspek van die twee sake. Die bladsye wat hier na verwys word is eerstens bladsy 775 van die Baleka saak en dan bladsye 663 tot 665 van die Mashela saak. Met respek, die kwessie van die sogenaamde "force" wat gebruik was, blyk toe niks anders te wees as sy vriend het aangedring dat hy saam met hom vergadering toe gaan nie en tweedens as die Hof kyk na bladsy 774 van die Baleka (20) saak wat My Geleerde Vriend nie na verwys nie, dan sal die Hof sien hy sê inderdaad presies dieselfde as wat hy gesê het in die Mashela saak. In die Mashela saak is die woorde "force" gebruik en hier het hy presies dieselfde gesê. Hy sê hy het eers probeer om na die winkels te gaan. Hy het eers probeer wegbly van die vergadering af, maar sy vriend het toe vir hom gesê maar die winkels is toe, kom saam, toe gaan hy saam. Dit is met respek presies dieselfde as wat hy in die Mashela saak getuig het.

Die volgende aspek is of die getuie van die begin (30)

van/...

van die toespraak van Esau by die vergadering was of nie. Daar word verwys deur My Geleerde Vriend na bladsy 999 van die Baleka saak en dan word gevra die Hof moet dit vergelyk met bladsy 539, 647, 701 en 702, 692 en 693 - 963. Met respek, My Geleerde Vriend het gesê volgens hierdie laaste bladsye van die Mashela saak was dit duidelik dat daar twee sprekers reeds gepraat het toe hierdie getuie by die vergadering opdaag. Ek wil betoog dat nie een van hierdie bladsye sê dit nie.

Die volgende vraag wat daar ter sprake gekom het, is (10) of Esau voor 3 September 1984 al gepraat het oor geweld.

HOF : Wag nou net so 'n bietjie. Is ons nou by 'n ander onderwerp?

MNR. FICK : Dit is korrek.

HOF : Wel, is mnr. Bizos nie korrek wat betref bladsy 701 nie, as jy dit vergelyk met 999? Die vraag heel bo aan die bladsy is "I want to ask you another question about Mr Raditsela. I think you have made it clear to the Court that Mr Raditsela was busy talking when you came in? -- Yes." Dan word daar gesê "At page 999 of the record in the Delmas (20) trial you were asked - I should perhaps give you the entire context" en dan word dit aangehaal wat hier gesê is en die vraag was "Were you there from the beginning of Raditsela's speech?" Die antwoord is "It will mean then he made another speech, but in the speech which he made while I was present he never did." "And you listened to the speech from the moment it started? You did not come in halfway? -- When he started addressing in that speech I was there, not that I found him already busy addressing." "Right, you were there from the beginning? -- Yes, from the beginning of the (30) speech/...

speech." Nou sê hy daardie is verkeerd "That is false."
"You did not say that? -- I told the court at Delmas that
on my arrival he was busy giving a speech."

MNR. FICK : Die aspek wat ek oor handel is, My Geleerde
Vriend het gesê dat op hierdie bladsye sal die Hof vind, onder
andere, dat hy gesê het daar het twee mense reeds klaar
gepraat toe hy daar gekom het en met respek dit blyk nie uit
enige van hierdie bladsye nie.

HOF : Ja-nee, maar toe wou u verder gaan na 'n ander onder-
werp toe en dit is ook 'n aspek wat mnr. Bizos aangehaal (10)
het.

MNR. FICK : Dit is so. Wat hierdie selfde aspek aanbetref,
wil ek net verder ook meld dat in die een saak blyk dit dat
die getuie is vertolk Esau het gepraat. Die woord "speak"
was gebruik. Die ander saak is pertinent gevra, het hy die
gehoor "address". Verder blyk dit dat toe hy by die saal
inkom, hierdie getuie, was daar 'n klomp mense op die verhoog
wat daar was. Nou wil ek aan die hand doen dat dit moontlik
kan wees, in die lig van die feit - die tolk wat getolk het
toe hierdie man sy hoofgetuienis gegee het in die ander (20)
saak, was heeltemal 'n ander tolk as toe die man begin kruis-
verhoor is. U sal dit merk uit die Mashela saak. Die tolk
het gesê "Ek weet niks wat hier aangaan nie." Toe het die
regter gesê ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ja, die tolk het nog gesê hy was in Pietersburg op
rondgang.

MNR. FICK : Dit is korrek. Ek wil aan die hand doen dat
dit moontlik kan wees dat dit is waar die probleem kan wees.
Dit kan wees dat hierdie Esau gepraat het met mense op die
verhoog in die sin en toe hy gevra is pertinent oor die (30)

"address"/...

"address" dat dit nou so uitkom.

HOF : Wel, ons moet die notule neem op gesigswaarde. Ons kan nie op hierdie stadium 'n kritiek op die notule gaan uitoefen nie.

MNR. FICK : Nee, dit is so, maar ek wil net aan die hand doen dit is 'n moontlikheid wat kon gebeur het dat die getuie verwar is as gevolg van die gebruik van verskillende woorde.

Dan 'n volgende aspek, dit is die vraag of Esau al voorheen, voor 3 September, gepraat het oor geweld. U sal vind die bladsy waarna verwys word is 1 001 van die Baleka saak(10) en dan ook 656 tot 8 van die Mashela saak. Nou wil ek aan die hand doen My Geleerde Vriend is hier besig om onvergelykbare goed te vergelyk. In die Baleka saak op bladsy 1 001 is gevra pertinent het Esau al vantevore op 'n openbare vergadering "a public meeting" gepraat oor geweld, soos hy dit op hierdie vergadering gesê het van 3 September. Op bladsy 656 tot 8 van die Mashela saak gaan dit oor heeltemal iets anders. Dit gaan oor die aspek waar die getuie gesê het dat hierdie man sou gesê het dat "all hell is going to break loose in South Africa" en dit sou gesê gewees het by 'n (20) huisvergadering. Dit is heeltemal 'n ander ding. Nou sê My Geleerde Vriend dat hierdie man het homself weerspreek. Hy vergelyk onvergelykbare goed.

Dan 'n volgende aspek oor die vraag oor hoeveel mense was by hierdie vergadering. Hierso vergelyk My Geleerde Vriend weer bladsy 1 001 van die Baleka saak en hy verwys na bladsy 545 en 646 van die Mashela saak. Hier wil ek vir u meld dat op bladsy 1 000 van die Baleka saak - My Geleerde Vriend het in sy betoog gesê daar sou die man op bladsy 1 001 gepraat het van 200 mense en dan in die (30)

Mashela/...

Mashela saak praat hy van duisende. As die Hof kyk na bladsy 1 000 van die Baleka saak, dan sal die Hof vind dat My Geleerde Vriend het vir hierdie getuie probeer vaspen op die getal 200. Hy het vir hom gesê kan dit nie 200 wees nie? Hierdie man wou dit nie toegee nie. Hy wou dit nie toegee nie en op bladsy 545 van die Mashela saak sê hy dat daar meer as 'n duisend mense in die optog was. Afgesien daarvan dat die getuie nie die getal 200 wou toegee nie, vergelyk My Geleerde Vriend weer hier onvergelykbare goed. Hy vergelyk die mense in die saak - probeer hy vergelyk met die mense in die (10) optog en ons weet met respek dat daar 'n klomp mense buite die saal was voor die optog.

Dan die volgende aspek sê My Geleerde Vriend moet die Hof kyk na bladsy 780 ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Laat ons net eers hoor wat is die aspek. Die aspek is of beskuldigde nr. 13 daar was of nie?

MNR. FICK : Of beskuldigde nr. 13 daar was.

HOF : Is dit nou in die saal?

MNR. FICK : In die saal. Dit is korrek. Dit is bladsy 780 van die Baleka saak asook dan vergelyk My Geleerde Vriend (20) dit met bladsy 650 van die Mashela saak. Ek wil eerstens betoog dat beskuldigde nr. 13 was in die Baleka saak nooit uitdruklik genoem dat hy daar in die saal was nie, maar in dieselfde asem wil ek sê die getuie so ook nie vir beskuldigde nr. 2 genoem nie, alhoewel ons almal weet hy het saam met beskuldigde nr. 2 by die saal ingekom. Beskuldigde nr. 13 se teenwoordigheid in die saak het met respek ter sprake gekom in die Mashela saak toe die getuie gevra is pertinent weet hy van enige "leading members of COSAS" wat in die vergadering was. Toe is aan hom gesê maar beskuldigde nr. 13(30

was/...

was hy nie h "leading member" nie, toe sê hy ja. Toe word daar vir hom gesê in die Mashela saak maar het hierdie man nie vir jou kom vra of jy h gedig geskryf het vir hierdie vergadering nie, iets wat in elk geval toe nie gebeur het nie. Daar was nie so h gedig geskryf nie. My Geleerde Vriend wil hê die Hof moet h afleiding maak die man het hom hier weerspreek. Ek wil aan die hand doen hy het hom nie weerspreek nie. In die Mashela saak is hy pertinent gevra oor die gedig. Hy het dit nie genoem in hierdie saak nie. Hy het nie gepraat daaroor nie, omdat, met alle respek, (10) dit h nuttelose feit is. Eerstens het die gedig nooit na vore gekom nie. Hy het nooit die gedig voorgedra nie en dit sou in elk geval geen waarde gehad het, bewyswaarde, van enige aard nie. Daar kan nie h afleiding gemaak word dat, omdat hy nie van die gedig gepraat het in die Baleka saak, hy daarom hom weerspreek het nie.

Dan die volgende aspek. Dit gaan oor die mars. Oor die aspek of Dorcas die enigste persoon was ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Moet h mens dit h mars noem of h optog? (20)

MNR. FICK : h Optog. Was Dorcas die enigste persoon wat mense sou getrek het of geforseer het om by die groep aan te sluit wat deel van die optog was. Die verdediging verwys hier na bladsy 546 - eers 783 van die Baleka saak en 546 van die Mashela saak. Ek wil aan die hand doen dat as die Hof kyk na bladsy 694 tot 6 van die Mashela saak, waarna My Geleerde Vriend nie verwys nie, dan sal die Hof vind dat hy inderdaad die Baleka saak se getuienis bevestig.

HOF : Wat sê hy daar?

MNR. FICK : Die Baleka saak se getuienis is aan hom (30)

gestel/...

gestel, toe sê hy dit is reg. Dit is aan hom voorgelees, toe sê hy dit is reg. Op 695 sal u sien is die hele aanhaling.

HOF : Ja, wat ek ook nog gevra het daar, of hulle fisies getrek is of fisies gehaal is.

MNR. FICK : Dit is korrek. Dan word daar vir hom gevra "Was that true? -- Yes, that is the truth." Dan sal u sien word daar aangegaan na ander aspekte toe.

HOF : Ek dink die onderskeid is dat dit nie 'n botsing inherent is nie. Hy het gesê dat aan sy kant waar hy was, het net Dorcas getrek en die ander kant is nie gedek nie, (10) by daardie gedeelte wat mnr. Bizos aanhaal. Hier dek hy nou die geheel met die aanhaling van die getuienis in hierdie saak.

MNR. FICK : Dan die volgende aspek is oor watter vryheidsliedere gesing sou gewees het in die optog. Daar verwys My Geleerde Vriend na bladsy 782 van die Baleka saak en hy vergelyk dit met bladsy 550 van die Mashela saak.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Ekskuus, daar was nog 'n ander puntjie tussenin. In die een saak was daar gesê al die mense het gesing of die mense het gesing, waar in die Mashela saak dat (20) slegs 'n deel van die mense gesing het.

MNR. FICK : Ekskuus, ek sal dit saam behandel. Miskien moet ek eers kom by die aspek wat u gemeld het, oor die vraag of almal gesing het en of net party gesing het. My Geleerde Vriend verwys daar ook na bladsy 780 van die Baleka saak en 550 van die Mashela saak. Ek wil aantoon dat op bladsy 780 van die Baleka saak is daar niks wat aandui dat die hele groep marsjeerders gesing het nie en op bladsy 549 tot 550 van die Mashela saak, is daar ook niks wat aandui dat slegs die voorste groepie gesing het nie. Dit is duidelik, die (30)

hele/...

hele kwessie van die singery is nie behoorlik uitgepluis in die Mashela saak nie.

HOF : Wel, my indruk is dat op 549 en 550 daar staan dat net 'n gedeelte gesing het en dit is twee- tot driehonderd, dit is in Mashela se saak, maar my indruk is verder dat in die Baleka saak op 782 daar nie 'n verwysing is na hoeveel gesing het nie.

MNR. FICK : Dit is ook so. Ek wil dan verwys na die ander aspek, naamlik watter liedere gesing was. Op bladsy 782 van die Baleka saak sê die getuie uitdruklik hy weet ander (10) vryheidsliedere is gesing, maar hy kan hulle nie op hierdie stadium onthou nie. Hy kan nie onthou nie, maar hy weet daar is ander gesing. Hy het net Siyaya in die hof genoem. Dit, met respek, is geen weerspreking met wat hy gesê het in die Mashela saak nie. Hy het in die Mashela saak net later uitgebring daarop. Sy geheue kon verbeter het. Hy kon onthou het van die ander liede. Dit is geen weerspreking nie.

Die volgende aspek is bladsy 780 van die Baleka saak. Dit gaan oor wie hom sou gevra het om die sogenaamde (20) "marshal" te wees. Dit is 780 van die Baleka saak en My Geleerde Vriend vergelyk dit met bladsy 661 van die Mashela saak. Ek wil aan die hand doen dat die antwoorde nie teenstrydig is nie, as die Hof kyk na bladsy 778 van die Baleka saak, want u sal merk daar is hy gesê dat albei 5 en 13, die twee beskuldigdes, was verantwoordelik vir die opstel van die mense in die optog.

HOF : Wel, albei was "marshals". 5 en 13 was self "marshals" volgens daardie getuienis.

MNR. FICK : Nee, ek sal nie so ver gaan nie. Ek sal net (30)

sê/...

sê dat hy het gesê dat albei was verantwoordelik vir die opstel van die mense in die optog. Nou is dit heel moontlik, daar is nie verder op uitgebrei in kruisverhoor nie ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is iemand wat die optog opstel nie ook 'n "marshal" nie? Of is dit weer iets anders?

MNR. FICK : Dit mag wees dat hy 'n "marshal" kan wees.

HOF : Sou 'n mens dit in Afrikaans 'n maarskalk noem?

MNR. FICK : Dit mag so wees.

HOF : Dit is nie 'n veldmaarskalk nie, maar 'n straatmaarskalk. (10)

MNR. FICK : Albei was verantwoordelik gewees vir die opstel van die mense in die optog en dit is moontlik, daar is nie verder op uitgebrei nie, dat hy deur 5 kon gevra het om 'n "marshal" te wees self, soos uit bladsy 661 van die Mashela saak blyk en dat hy deur beskuldigde nr. 13 gevra kon gewees het. Dat nr.5 hom gevra het om 'n "marshal" te wees, dit is op bladsy 661 van die Mashela saak en dat hy ook deur nr. 13 na hy aangestel is as 'n "marshal" gevra kon gewees het om die mense langs die kante te beheer soos blyk uit bladsy (20) 780 van die Baleka saak. Daar is geen teenstrydigheid nie, met respek.

Dan die volgende aspek is die kwessie van sy posisie wat hy sou beklee het in die optog. Daar vra My Geleerde Vriend die Hof moet kyk na bladsy 1 021 van die Baleka saak en die Hof moet dit vergelyk met bladsy 667 van die Mashela saak. Ek wil aan die hand doen dat in die Baleka saak bladsy 780 word dit duidelik dat sy aangewese posisie was nie 'n vaste plek in hierdie optog nie. Ek wil aan die hand doen dat as die Hof bladsy 780 lees, dan sal die Hof sien dat daar was (30)

nêrens/...

nêrens gesê dat hy het 'n vaste plek in die optog gehad nie. Daar is net gesê hy moet na die mense kyk langs die kante. Die kruisondervraging wat op bladsy 1 021 voorkom moet met respek in konteks gesien word. Die verdediging het gevra waar hy posisie ingeneem het, voor, middel, die eeste kwart, die agterste kwart van die optog en die getuie het gesê hy het nie 'n vaste posisie gehad nie, maar sy taak was om vorentoe en agtertoe te beweeg.

HOF : Dit is 'n baie, baie snaakse vraag "Now where were you in relation to this procession when it was from here to (10) Checkers?" Dit moet seker dui op die afstand van hier af na Checkers daar anderkant in Delmas, nie met die optog as sulks nie.

MNR. FICK : Ek wil aan die hand doen, hy het nooit gesê hy het wel vorentoe en agtertoe beweeg nie. Hy het wel gesê hy moes na die mense langs die kante kyk, hulle dophou.

HOF : Hy sê "Because of the duties that I was given to look after the people not to move off the road, that is supervising the march, I therefore had to go forward and back. I had no fixed position in the marches. (2) I can tell a (20) person I was at this part of the march. I was approximately in the middle of the march not very far, but approximately in the middle". Dit is toe die kaartjiekantoor aangeval is.

MNR. FICK : Dit is reg. Die vraag in die Baleka saak op bladsy 1 021 was oor die posisie wat die getuie ingeneem het en met respek nie oor die vraag of hy op en af langs die optog beweeg het nie. Die antwoord dat 'n "fixed position" nie aan hom toegeken is nie, is aanvaar. Dit is onbillik om nou hier te kom sê hier is 'n weerspreking.

HOF : Die argument was dat hy daar anderkant gesê het dat (30)

in/...

in die "vanguard" en hier sê hy hy was in die middel.

MNR. FICK : Dit is tog seker op 'n sekere stadium. Verder het hy in die Mashela saak gesê hy was nie heel voor nie, hy was meer aan die voorkant van die optog, maar nie heel voor nie.

Dan 'n volgende aspek. Dit is met betrekking tot die vraag wat was nou die eindbestemming van hierdie optog. Daar het My Geleerde Vriend verwys na bladsy 1 006 in die Baleka saak en in die Mashela saak bladsy 661, 667, 669, 670 en 671. In die Baleka bladsy 1 006 sê die getuie (10) dat hy het gedink dat die dood en die beskadiging van raadslede en raadseiendom sal eers geskied na hulle by Houtkop en mnr. Ganz was. Dit is wat hy gedink het. In die Mashela saak, in al hierdie bladsye gee hy deurgaans dieselfde gedagte, naamlik dat hy gedink het en uiteindelik na die Hof hom 'n paar vrae gevra het, het dit uitgekom hy het gehoop hierdie geweld gaan eers plaasvind na die mars na mnr. Ganz. Met respek, as die Hof na alles in geheel kyk, wil ek aan die hand doen daar is geen weerspreking wat hier plaasgevind het nie. Dit is dood eenvoudig hoe hierdie getuie Esau Radit-(20) sela se woorde geïnterpreteer het, naamlik hy het gedink of gehoop aan die einde van die dag dat die moeilikheid gaan plaasvind na hulle by mnr. Ganz was.

Ek wil verwys dan na 'n volgende aspek. Daar het My Geleerde Vriend, dit het gegaan oor hoeveel mense weggebreek het van hierdie optog daar by Motjeane se huis daar by die steeg. Daar het My Geleerde Vriend verwys na bladsy 1 077 van die Baleka saak en hy vergelyk dit met bladsy 553 van die Mashela saak. Dan sê My Geleerde Vriend dat volgens Baleka se saak het net 'n dosyn of twee weggebreek, maar (30)

in/...

in die Mashele saak blyk dit dat daar 'n duisend of meer weggebreek het. In die Mashele saak bladsy 553, sê die getuie dat ongeveer 'n duisend van die optog weggebreek het, maar die dosyn of twee wat My Geleerde Vriend op bladsy 1 077 meld het geen verband met die mense wat uit die optog weggebreek het nie. Die getuie met respek het in ieder geval hierdie dosyn of twee nooit toegegee nie. Hy het gesê "I am not able to describe whether they were a dozen, two dozen or how many." My Geleerde Vriend het hom probeer vaspen, toe sê hy hy kan nie en hierdie getal wat My Geleerde Vriend (10) op hom probeer vaspen het, het betrekking ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wel, is daar nie op bladsy 786 'n antwoord wat klop met die getuienis in Mashele se saak nie?

MNR. FICK : Dit is die volgende punt. Ek sal sê in die Baleka saak bladsy 786 word daar gesê "Ons het ons almal gehaas, 'n goeie klomp het soontoe gegaan." Dit was elke keer ten aansien van die persone wat in die nabyheid van die huis van Caesar was en dan sê hy dit is 'n rowwe skatting. Hy sê ongeveer 'n duisend mense. Dit klop met Mashele. (20)

Die volgende aspek is My Geleerde Vriend sê dat hierdie getuie het homself weerspreek in die twee sake ten aansien van wanneer skote gevuur sou gewees het en wanneer hierdie heining opgelig of gebreek sou gewees het en dan verwys hy na bladsy 786 weer van die Baleka saak en hy vergelyk dit met bladsy 553 van die Mashele saak. Ek wil eerstens aan die hand doen dat die getuienis op bladsy 786 in die Baleka saak is nooit bedoel om 'n chronologiese uiteensetting van die gebeure by Caesar se huis te wees nie, maar dit is 'n algemene stelling. Op bladsy 553 van die Mashele saak (30)

word/...

word ewen eens nie uiteengesit wanneer die skote gehoor is nie, voor of na die heining opgelig is nie. Hierdie algemene twee stukkies getuienis kan nie met mekaar vergelyk word en dan sê hier is teenstrydighede nie. Ek wil u byvoorbeeld verwys na bladsy 587 van die Mashele saak waar die getuie presies dieselfde sê as wat hy gesê het in die Baleka saak op bladsy 786 reëls 14 tot 20, naamlik dat die mense Caesar se huis met klippe bestook het toe hulle uit die steeg kom toe hulle op die toneel kom.

Dan n volgende aspek, dit is met betrekking tot of hy (10) nou kon sien die persoon met die vyf liter kan petrol of ontvlambare stof en My Geleerde Vriend doen aan die hand dat op bladsy 787 van die Baleka saak en 581 van die Mashele saak teenstrydig is. Eerstens op bladsy 787 van die Baleka saak beskryf die getuie dat hy gesien het hierdie seun met die vyf liter houer petrol op die aangrensende perseel van Caesar se huis ene Malikiti se perseel. Hy was self daar. Op bladsy 581 van die Mashele saak getuig hy verder dat toe die skietery begin het, het hy om n hoek gaan staan, maar dan op bladsy 582 sê die getuie verder dat toe hierdie skietery op n (20) stadium ophou is hy terug na sy vorige posisie op die perseel waar hy Caesar se huis kon gesien het. Dan wil ek u ook verwys na bladsy 577 van die Mashele saak. Volgens die getuienis in die Baleka saak op bladsy 787 het die skietery reeds gestaak toe die seun met die vyf liter kan met stof doenig raak. Dit pas in by die getuienis in die Mashele saak dat hy terug is na sy vorige posisie by dieselfde perseel waar hy was toe die skietery ophou. Hierdie feit dat hy om n hoek gaan staan het tydens die skietery het nie ter sprake gekom in die Baleka saak nie. Hy is nie daarvoor gevra nie. (30)

Dit/...

Dit het nie uitgekóm in kruisverhoor nie en in ieder geval, dit blyk dat hierdie om die hoek stanery was minder as tien minute terwyl die skietery aan die gang is. Die feit dat hy om die hoek gestaan het, met alle respek beïnvloed niks van sy getuienis wat hy in hierdie saak gegee het met betrekking tot sy waarnemings wat hy gemaak het in die saak waaroor hy getuig het nie. Sy getuienis in hierdie saak het elke keer gegaan oor die seun wat ons nou weet wat in hierdie saak ook getuig het dat hy gesien het toe die skietery opgehou het. Daar is geen sin in om die getuie oor hierdie nietige (10) aspek te probeer terugroep nie.

Dan die volgende aspek, bladsy 787. Daar is beweer dat dit wat hy beskryf het is ongeloofwaardig met betrekking tot identiteit en dan sê My Geleerde Vriend die Hof moet kyk na bladsy 787 tot 90 van die Baleka saak en die Hof moet dit vergelyk met bladsy 581 en 584 van die Mashele saak.

HOF : Die bewering is daar dat hy agter 'n muur weggekruip het en dus niks kon gesien het nie?

MNR. FICK : Met respek, soos nou pas gesê is, dit blyk uit die Mashele saak bladsy 584, as die Hof kyk na reëls 19 tot (20) 23, hierdie man was vir ongeveer tussen sewe en tien minute, skat hy dit uiteindelik as hy gevra word in kruisverhoor, agter hierdie muur. Hy het in hierdie saak, die Baleka saak niks getuig wat enige skaduwee werp oor sy getuienis in hierdie saak nie. Hy het niks getuig van dat hy waarnemings gedoen het in die tyd nie, dat hy mense uitgeken het nie terwyl die skietery aan die gang is, sy waarnemings begin voor die skietery en dan weer na die skietery opgehou het. Dit is die seun met die vyf liter kan. Daar kan niks bygewen of verloor word as hierdie man teruggeroep word nie. (30)

Dit/...

Dit kan niks verander aan die getuienis wat voor hierdie Hof gelewer is nie en dit is in ieder geval nie weersprekend nie.

Dan die volgende vraag is ten aansien van die weerspreking soos op bladsy 1 081 van die Baleka saak voorkom, naamlik of die getuie sou gesê het terwyl die skote nog gevuur was, het 'n jeugdige oor die heining van Caeser Motjeane gespring en daarmee word vergelyk bladsy 605, 610, 611, 612 en 613 van die Mashele saak. Ek wil aan die hand doen as die Hof die Mashele saak bladsy 506 tot 13 lees dan sal die Hof sien daar was 'n ontsettende verwarring gewees. Die Hof kon (10) nie die vrae verstaan soos dit gevra was nie. Die getuie het nie verstaan nie, maar uiteindelik, na al die verwarring opgelos is ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wag net to 'n bietjie. Is dit 506 of 605?

MNR. FICK : 605 tot 13. Uiteindelik, na al die verwarring opgelos is, was daar net een ding wat oorbly en dit is het die jeugdige oor die heining gespring van Caeser Motjeane voor die skote opgehou het, dit is bladsy 1 080 of het hy na die skote gestop het oor die heining gespring, soos op bladsy 611 reël 27 tot 29 van die Mashele saak voorkom. (20) Daar is net hierdie klein weersprekinkie of die skote opgehou het en of die skote nog aan die gang was toe hierdie jeugdige oor die heining gespring het.

HOF : Ons weet nie eers presies watter jeugdige dit is nie.

MNR. FICK : Dit is korrek. Ek wil aan die hand doen dat hierdie aspek gaan niks aan hierdie saak verander nie.

Hierdie is 'n - as die Hof kyk na die aanklagte teen die beskuldigdes - nietigheid. Dit is 'n sydelinge aspek. Nie een van die beskuldigdes word daar geïdentifiseer nie. Dit gaan totaal niks ten aansien van hierdie man waarneming (30)

verander/...

verander nie.

HOF : Is daar nie 'n ander antwoord op daardie vraag nie?

Dit is dat op bladsy 1 080 word gesê dat terwyl die skote aan die gang was, het hy die jong mam opgemerk en op bladsy 787 staan daar toe die lap aan die brand gestee is, toe was die - het die vuur al opgehou.

MNR. FICK : Dit is waarom ek aan die begin gesê het daar was groot verwarring. Daar was verwarring oor wat se vuur praat hulle van. Praat hulle van vuur van skote wat gevuur is? Die getuie het dit self gesê ... (Hof kom tussenbei) (10)

HOF : Dan sê hy ook op bladsy 605 van Mashele dat toe die brandstigters oor die draad gespring het, was daar nie meer 'n skietery nie.

MNR. FICK : Dit is so. Dit is daarom wat ek van die begin af gesê het daar was groot verwarring gewees in hierdie vrae - in die antwoorde wat hierdie man gegee het. Uiteindelik het net daardie een klein aspek oorgebly. Dan ten aansien van die volgende aspek. Die feit van Esau Raditsela wat daar by Caeser se huis sou gewees het of nie sou gewees het nie. Dit is bladsy 780 en 90 van die Baleka saak wat vergelyk (20) word met bladsy 620 van die Mashele saak. Ek wil aan die hand doen dat op bladsy 789 tot 90 van die Baleka saak was die getuie pertinent gevra ten aansien van die beskuldigdes in die Baleka saak en niemand anders nie. Ons weet almal Raditsela is nie 'n beskuldigde nie, terwyl in die Mashele saak op bladsy 720 het dit gegaan eerstens oor beskuldigdes in daardie saak waar Raditsela ook nie 'n beskuldigde en dan oor "any other people that you saw whom you knew", reëls 12 tot 27 en toe praat hy van Esau Raditsela. Dit is met respek geen weerspreking nie, want in ons saak is hy nie pertinent(30) daaroor/...

daaroor gevra nie. Daar is hy pertinent gevra daaroor.

Dan wil ek oorgaan na 'n ander aspek. Dit gaan oor die feit dat hy sou ontken het teenoor die polisie tydens die ondervraging dat hulle geïnteresseerd was in beskuldigdes nrs. 2, 5 en 13. Daar is verwys na bladsy 973 tot 5 van die Baleka saak en dit is deur My Geleerde Vriend vergelyk met bladsy 703 en 622 tot 623 van die Mashele saak.- Met respek, My Geleerde Vriend is foutief as hy beweer dat die getuie sou beweer het in die Baleka saak dat die polisie nie in beskuldigdes nrs. 2, 5 en 13 belang gestel het nie. Dit (10) is 'n verkeerde stelling wat hy gemaak het. Op bladsy 973 reël 21 tot 24 sê die getuie uitdruklik "They questioned me a lot about Oupa Hlomoka, no. 2 accused." Dan op bladsy 974 reël 2 tot 7 van die Baleka saak sê die getuie verder during my interrogation they mentioned quite a number of people's names. I therefore cannot remember he (dit is nou beskuldigde nr. 5) was one of the people's whose name was mentioned there." Hy sê hy weet nie. Dan op bladsy 974 sê die getuie ten aansien van slegs beskuldigde nr. 13, dit is in die Baleka saak, "No, not him, not at all." As die (20) Hof dan nou sou kyk na bladsy 703 van die Mashele saak dan word daar gevra "They (dit is die polisie) had particular interest in the following names" en dan word daar gegee "Joseph Sithole, Sikodi Hlomoka (dit is beskuldigde nr. 2 wat genoem word in die Baleka saak) Malindi (dit is beskuldigde nr. 5)" en dan 'n ander persoon, plus More, dan sê die getuie "Yes". Nêrens is gestel in die Mashele saak oor beskuldigde nr. 13 nie en die ander name word genoem, nrs. 2 en 5 in die Baleka en die Mashele sake. Ek wil aan die hand doen daar is geen dispuut nie. (30)

Die/...

Die volgende aspek is wanneer sou Raditsela se toespraak vir die eerste keer gemeld gewees het tydens hierdie ondervragings en daar het My Geleerde Vriend verwys na bladsy 994 van die Baleka saak en hy vergelyk dit met bladsy 703 van die Mashele saak. In die Baleka saak vind ons op bladsy 994 dat die getuie sê hy het nie met sy eerste aanhouding se ondervraging die kwessie van Raditsela se toespraak van 3 September vermeld nie. Verder op bladsy 994 van die Baleka saak sê die getuie dat hy met kaptein Kruger se besoek tydens sy tweede aanhouding wel Esau se toespraak van 3 September (10) gemeld het en dat hy in sy eerste verklaring wat hy toe nie onderteken het nie, dit nie gemeld het nie. Dit is reëls 9 tot 10, 19 tot 22 en 24 tot 27 van Bladsy 994. In die Mashele saak na 'n groot deurmekaarspul, met alle respek, in kruisondervraging blyk dit uiteindelik eerstens, soos in die Baleka saak, dat die getuie nie in sy eerste aanhouding aan sy ondervragers van Esau se toespraak melding gemaak het nie. Ek verwys u na bladsy 703 reëls 9 tot 10. Tweedens dat hy wel aan kaptein Kruger gesê het van Raditsela se toespraak. Dit strook met Baleka se getuienis. Ek verwys u (20) na bladsy 703 reëls 13 tot 14 en dan blyk dit verder toe hy later 'n verklaring geteken het, het die getuie gesien toe die verklaring teruggelees is dat hierdie verklaring wel melding maak van Raditsela se toespraak van 3 September. Ek verwys u na bladsy 706 reëls 12 tot 16 van die Mashele saak. Dit is met respek nie 'n teenstrydigheid wat voorkom nie, want in die Mashele saak blyk dit dat hy later sy verklaring, wat hy aanvanklik nie geteken het nie, teruggekry het en hy het later hierdie verklaring geteken nadat hy aan kaptein Kruger intussen vermeld het van Raditsela se toespraak. (30)

Ek/...

Ek verwys u ook na bladsy 705 reëls 18 en 26 en bladsy 706 reëls 12 tot 16. Hier is geen weerspreking met respek nie.

Dan die kwessie van of hy 'n lys getoon was met name op en dit gesien het tydens sy ondervraging en daar gaan dit oor bladsy 944 van die Baleka saak en My Geleerde Vriend sê die Hof moet dit vergelyk met bladsy 682 van die Mashele saak, dan sal die Hof sien daar is weersprekings. Op bladsy 944 reëls 20 tot 30 van die Baleka saak blyk dit dat die lys voor sy ondervraer was. Hy het aan die een kant van die tafel gesit en die ondervraer aan die ander kant en die getuie (10) het hierdie lys gesien waar hy lê by die dokumente. Hy sê hy is gevra, die man het gekyk op die lys en dan vra hy vir hom die name wat op die lys staan. Hy het dit gekontroleer. Dan op bladsy 681 reëls 7 tot 15 in die Mashele saak getuig die getuie die polisie het 'n lys gehad, dat hulle van die lys af vrae gevra het oor sekere name vir hom. Ook is hy op 'n vraag gevra toe die lys in die hof aan hom getoon is, identifiseer hy die ding, die lys as dit wat hy gesien het by die polisie. Hy meld verder dat die polisie hom gewys het sy naam is op die lys. Dit is nooit verder op uitgebrei nie. (20) Die polisie het hom gewys sy naam is op die lys. Met alle respek, wat beteken dit? Beteken dit dat hy het gesien die lys lê daar voor sy ondervraers en hy het sy naam gesien? Beteken dit hulle het die lys vir hom gevat en in sy hand gegee en vir hom gesê "Loop kyk, jou naam staan daarop"? Beteken dit hulle het vir hom gesê "Sien jy die lys? Jou naam is daar op"? Of het hy self gesien sy naam staan daar op of het hy die afleiding gemaak sy naam staan daar op, omdat hulle hom gevra het oor sy naam en die name. Ek wil aan die hand doen hierdie ding is heeltemal te vaag om te sê die (30)

man/...

man het homself weerspreek oor hierdie aspek.

Dan is daar 'n aspek oor die sogenaamde hallusinasies wat die man tydens ondervraging ... (Mnr. Krügel kom tussenbei)

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Net voor u afstap, is daar nie hier by ons 'n naamlys ingehandig nie?

HOF : Of getoon nie?

MNR. FICK : Ek dink My Geleerde Vriend het hom getoon aan die getuie. Hy is nie ingehandig nie.

MR BIZOS : If my memory serves me correctly, is that (10) because he did not identify - he could not identify it, Your Lordship would not receive it. That is how I remember it.

COURT : It may well be. I also have a vague recollection that that is correct.

MR BIZOS : Whereas in our submission EXHIBIT E in the Mashele case was recognised by him as the list that was before ... (sentence not completed)

MNR. FICK : Dan wil ek na 'n verdere aspek verwys. Dit is die hallusinasies. Daar het My Geleerde Vriend gesê moet die Hof kyk na bladsy 684 tot 5 van die Mashele saak en (20) daar is niks in die Baleka saak daarmee te vergelyk nie. Hy het nie daarvoor gepraat nie. Nou wil ek aan u meld dat in die Mashele saak het die getuie gesê in die week van Oktober 1984 met sy eerste aanhouding het hy eers geseê "nearly" en sê hy hy het een keer gehallusineer. Dit is spesifiek na hy gevra is "Het jy gehallusineer?"

HOF : Die hallusinasie het daarin bestaan, as ek reg onthou, dat hy op 'n stadium gedink het daar kom 'n polisieman hom haal en toe het die polisieman hom nie kom haal nie.

MNR. FICK : Dit is korrek. Dit is die hallusinasie wat hy (30)

sê/...

sê hy daar gesien het. In elk geval, met respek, dit is nadat dit uit hom getrek is. Hy het nooit van hallusinasies gepraat nie. Dit is aan hom gestel "Het jy nie gehallusineer nie? Weet jy wat beteken hallusinasies?" Toe sê hy ja, hy weet nie. Toe is hy gevra "Maar het jy nie?" Toe kom die ding uit. In die Baleka saak was nooit so iets aan hom pertinent gevra nie. Daar is 'n klomp ander goed gevra behalwe dit en ek wil aan die hand doen hier is geen weerspreking waaroor die man teruggeroep moet word nie.

Hier is dan die volgende aspek. Dit is nou wat is die (10) rede, waarom die man nou so lank ondervra is. My Geleerde Vriend sê, as die Hof kyk na bladsy 980 van die Baleka saak en vergelyk dit met bladsy 685 van die Mashele saak, dan is daar weersprekings.

MR BIZOS : My Lord, I was wrong, I am sorry. On page 947 Your Lordship admitted the list apparently as AAQ(4).

MNR. FICK : Dan wil ek aan die hand doen in die Baleka saak op bladsy 980 reëls 17 tot 23 sê die getuie die rede vir sy lang aanhouding kan wees omdat sy ondervraers nie tevrede was met sy antwoorde wat hy verskaf het nie en dan sê hy (20) verder alles wat hulle van hom wou geweet het, is wat in sy verklaring vervat is. In die Mashele saak word dit vergelyk met bladsy 685 reël 15 tot die einde van die bladsy. Dan sê sy ondervraers was nie tevrede met die antwoorde wat hy altyd gegee het nie, maar of hulle op die ou end tevrede was met sy antwoorde, kan hy nie sê nie. Nou wil ek aan die hand doen dat die twee stellings, naamlik alles wat sy ondervraers wou weet is in die verklaring vervat, is glad nie teenstrydig met die vraag of hulle op die ou end tevrede was met wat in sy verklaring was nie. Ek wil betoog dat hier is geen (30)

teenstrydigheid/...

teenstrydigheid nie. Hier is geen rede hoekom die man oor hierdie aspek herroep moet word nie.

Dan n volgende aspek sê die verdediging dit het te doen met die druk wat op die getuie uitgeoefen was met sy onder-
vraging, sy verklaring aflegging. Dan sê die verdediging die Hof moet kyk na bladsy 983 van die Baleka saak en dit moet die Hof nou vergelyk met bladsy 707 reëls 10 tot 21 van die Mashele saak en dan sal die Hof nou sien daar is n weer-
spreking. Dan in 983 van die Baleka saak sê die getuie naamlik dat gedagtig aan sy familie en sy gesondheid en (10) die feit dat daar gesê is hy kan vyf jaar tronk toe gaan as hy afwyk van sy verklaring, het hy besluit om by sy verklaring te bly. In die weergawe in die Mashele saak 707 reëls 10 tot 21, naamlik dat hy nou nie meer seker is of hy van sy verkla-
ring sou afwyk as dit nie vir hierdie faktore was nie, is met respek glad nie teenstrydig nie. Om die waarheid te sê, die Staat verstaan nie waarom hierdie as n grond van teen-
strydigheid geopper word nie.

Dit is so ver ek die aspekte het.

HOF : Daar is nog een by en dit is by 983 teenoor 703 en (20) 705 "He did not mention Raditsela's speech in his statement. They were only interested in people who attended meetings and who were at Motjeane's."

MNR. FICK : Ek wil u verwys wat hierdie aspek betref, dit kom vir my in wese ooreen met wat vantevore gesê is oor die vraag wanneer sou hy Raditsela se toespraak ... (Hof kom tussenbei)

